

**COLESBERG**

# 5 onnies glo hulle is dalk vergiftig

## Bolhuis ingeroep om voorval te ondersoek

**Anena Burger**

Vyf onderwysers van die Hoërskool Colesberg in die Noord-Kaap leef in vrees omdat hulle glo hulle is by die skool vergiftig.

Hulle meen die polisie en die Noord-Kaapse onderwysdepartement doen ná maande niks om die saak te ondersoek nie. Die private spensierder Mike Bolhuis is nou deur die Colesberg-gemeenskap genader om die voorval te ondersoek.

Die polisie het gister by navraag gesê sy Colesberg-kantoor ondersoek nou wel die saak, terwyl die onderwysdepartement kommentaar befoel het.

Die onderwysers sê hulle het op 15 April vanjaar een ná die ander skielik siek geword. Hulle glo hulle is met organofosfaat vergiftig.

Bolhuis het Mornay Vos, 'n senior spesialsondersoeker, en nog lede aangewys om die voorval te ondersoek en vas te stel hoekom die onderwysdepartement en die polisie in Colesberg dit nie verder voer nie.

Die onderwysers het glo siek geword nadat hulle melk gebruik het uit 'n melkhouer wat

vir die waarnemende hoof, Ems Pretorius, gemerk was.

Luidens verklaring deur die onderwysers het Carina du Plessis omstreeks 10:00 in haar klas se pakkamer inmeekaargesak.

'n Personeellid het Pretorius ontbied. Sy het Du Plessis op die grond aangetref en besef sy was nie by haar positiesie nie. Sy het verskriklik gesweet en was naas.

'n Ambulans is ontbied om haar na die hospitaal te neem. Ná die voorval het die personeelkamer koffie gedrink.

Pretorius sê in haar verklaring sy het ook koffie gemaak en met die onderwysers gespot omdat haar melkhouer soveel ligter as vroeër gevoel het. Hulle het gelag en erken hulle gebruik soms van haar melk.

Pretorius het kort daarna begin siek voel. Sy het by haar lessenaar op haar arms gaan lê en daarna op die mat. Erge maagkrampe, sweet en kouekoude het gevolg en sy het gesukkelt om te praat.

Nog drie onderwysers, Berton Smouse, Zeld van Molendorff en Maruka Zandberg, het ook skielik siek geraak met dieself-



Die Hoërskool Colesberg, waar die waarnemende hoof en nog vier onderwysers op 15 April skielik siek geword het.

Foto: FACEBOOK/DIE HOËRSKOOI COLESBERG



Ems Pretorius



Berton Smouse



Zeld van Molendorff



Maruka Zandberg

de simptome en ineen gestort. Hulle is ook na die hospitaal geneem waar die dokter hul toestand as voedselvergiftiging gedagnoseer het.

Ná hul ontslag het al vyf onderwysers besluit om toksikologietoets by 'n private laboratorium in Bloemfontein te laat doen.

Die uitslag van die toets, wat op 19 April gedoen is, toon daar was organofosfaat in hul bloed.

Organofosfaat word in insekdoders, medisyne en senuweemiddels gebruik. Vergiftiging kan binne minute tot simptome soos verhoogde speeksel- en traanproduksie, diarree, braking, verwarring, sweet en aangetaste spierbeweging lei.

Du Plessis sê ondanks hul pogings om vyf klage van poging tot moord by die polisie in Colesberg aan te meld, wou die polisie nie hul verklarings

neem nie. "Ons het ook nie saaknommers gekry nie en tot dusver is die saak nie ondersoek nie."

Sy sê die onderwysdepartement probeer ook nie om die voorval te ondersoek nie.

"Ons word getgnoreer." Kapt. Sergio Kock, polisie-woordvoerder, het by navraag gesê die Colesberg-polisiekantoor het nou 'n ondersoek na die voorval begin.

"Die polisie het verklarings en ander getuiens van die klagers gekry en sal die ondersoek aan die staatsaanklaer vir 'n beslissing voorlê."

Geoffrey van der Merwe, woordvoerder van die Noord-Kaapse onderwysdepartement, het gesê die departement sal later op navrae reageer.

Enigiemand met inligting kan Bolhuis by 062 447 6116 of Vos by 066 212 5193 bel.

# Polisielid met skape op bakkie aangekeer

**Alet van der Walt**

'n Botsing teen 'n perd het gister daartoe gelei dat 'n konstabel van Philippolis in die hof verskyn het op aanklagte van veediefstal.

Die 33-jarige man is in hegtenis geneem nadat sy Ford Ranger beskadig is in die botsing en polisielede van Jagersfontein op tien skape op die bakkie afgekom het.

Brig. Motantsi Makhele, polisiewoordvoerder, sê die polisielede wat op roetinepatroillie was, het Sondag omstreeks 22:00 'n dooie perd op die R706 naby Jagersfontein gesien lê. Hulle het ondersoek ingestel en die bakkie 'n ent verder sien staan.

Die voertuig se ligte was afgekakel. Die polisielid in die bakkie het bevestig dat hy die perd doodgery het, maar kon nie verduidelik waarom hy die skape op sy bakkie het nie.

Die konstabel is in hegtenis geneem. Die veediefstalenheid probeer nog vasstel aan wie die tien skape behoort.

Boere in die omgewing is gevra om vas te stel of van hulle skape wes is.

Die polisielid sal voorlopig aangekla word daarvan dat hy vermoedelik gesteelde vee in sy besit gehad het.

Makhele sê 'n voorlopige ondersoek dui daarop dat nog mense in hegtenis geneem kan word. Boere wat vermoed dit kan hul skape wese, moet die polisie in Jagersfontein bel by 051 724 9016 of 082 455 6071.

Die Valke het in Julie vanjaar vyf lede van die polisie se veediefstalenheid in Ladybrand in hegtenis geneem op aanklagte van veediefstal.

Die vyf polisielede en twee veespekulante is verhoorvragting op aanklagte van veediefstal.

Vrystaat Landbou (VL) het verlede week gesê veediefstal in die provinsie beloop na raming meer as R1 miljard per jaar.

# Gekierang en gefop, maar ons bly hoop op hulle op die pale



**Stoepstorie**  
Martie Retief Meiring

Dis lente. Die bome bot, die bloeie bloei, die tuine juig, die mense nies hul kerduks aan hooikoors.

Die straatligte se pale word plak en die belofes is geel. Daarvoor word jou stem gesoek en daarvoor kan jy krag, water, huisvesting en veiligheid kry. Daarby ook daardie ewige afwy-

kende ding: dienslewering. Jôu behoeftes sal eerste gestel word. Jy moet net op stemdag opdaag, jou kruisie kom trek en volid, die hemel gaan op vir jou. Daardie man, vrou of party-logo op die plakkaat praat met jôu.

Maar wie't rêrig lus vir 'n verkiesing? Pandemievrees, uitgekier met die anti-enters-verskynsel, sat gedobber oor die moontlikheid van 'n komende vierde vlag, sal ons - wil ons - nogtans vir daardie man, vrou of party op die pale gaan stem?

Ons weet mos, om Ingrid Jon-

ker uit konteks aan te haal: Ons word gekierang, ons word gefop. Nogtans.

Politieke vryery is een van die klassieke speletjies. Elke voornemende politikus is seer bewus van Quintus se raad in 64 v.C. aan sy broer, Marcus Tullius Cicero, toe laasgenoemde daarna mik om 'n Romeinse konsul te word.

So maak 'n mens, het broer Quintus voorgeskryf: Belowe alles aan almal; soek jy geld, herinner diene wat jy al voorheen gehelp het; buit jou opponent se

swakhede uit; vlei die kiesers en bowenal; skep hoop. So sit hulle op ons pale, die hoopskeppers, die vleiers, die be-

loftmakers. So sal die verste gehuggie krag, water en vullisverwydering kry; slaggate sal verdwyn; huisvesting sal nie net verkaf word nie, dit sal naby die werkplekke verkaf word!

Pres. Cyril Ramaphosa los sy sfinksagtige *yellow South Africans*-houding, doen 'n danspasse en belowe dat die ANC hernu sal word. Ja, oukei, en Jacob Zuma het in 2014 belowe dat die ANC 'n einde aan korrupsie gaan maak.

John Steenhuisen kan nie dans nie, maar sy deur staan op vir

almaal, veral as hulle swart is. Julius Malema se deur staan toe vir wit mense, maar met 'n Breiting om die pols gaan hy kos, huise en plase aan die (swart) arm mense gee.


Het iemand getel hoeveel keer Pieter Groenewald al op TV geglimlag het (meer as twee keer)? Hoe verder as Durban kan Herman Mashaba se charisma strek? Onthou, hy is die oorspronklike profeet van Black Like Me wat 'n sakeryk gebou het uit skoonheidsmiddels vir veral swart vroue. Kan hy mense wat nie

soos hy lyk nie, oorhaal? Gaan Mmusi Maimane se pragmatiese "geld" op onafhanklike kandida- te deurbrake onder die kiesers maak?

Nog nie eens gestem nie en die spoke loop al rond: koalities. Ons bou mini-lotto's onder mekaar oor wie vir wie ooghare vir mekaar sou hê, welwetende ons is nie 'n koalisie-nasie nie. Saamstaan is nie vir ons nie.

Maar soos Quintus desjare aan sy broer gesê het, bowe alles, skep hoop.

Ja, hóp. Nogal.



Ons voorsien vir almal

Bereik **213,000** lesers per dag

Gauteng • Noordwes • Mpumalanga • Vrystaat • Limpopo

TAAL		OUDERDOMSGROEPE			
Afrikaans	76%	8%	14%	29%	49%
Engels	11%	<div style="display: flex; justify-content: space-around; font-size: 0.8em;"> <span>■ 15-24</span> <span>■ 25-34</span> <span>■ 35-49</span> <span>■ 50+</span> </div>			
Ander	13%				

Om in Beeld te adverteer skakel

**Tanya van Niekerk**

**tvanniekerk@beeld.com**

**012 4859048**